

SLAAN DIE BOERPOT!

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO

Slegs vier-en-~~n~~-half jaar nadat ~~n~~ voormalige polisiebeampte die Lotto van R10 miljoen gewen het, berig News24 onlangs dat hy in die warm water beland het vir beweerde huisbraak. Die 39-jarige man wat die onverwagse meevaller in Junie 2009 met ~~n~~ R50 se “*quick pick*” kaartjie gewen het, is in Februarie vanjaar saam met ~~n~~ medewerker in hegtenis geneem. Die kortstondige multi-miljoenêr se geluk het vinnig uitgeloop en ten tye van sy inhegtenisname was hy werkloos, geskei van sy vrou en bankrot. Sy fortuin het tussen karre, huise en partytjies eenvoudig net verdwyn.

Baie mense koop so dan en wan lotto-kaartjie as die boerpot groot is. By die werk sal hulle dalk weddenskap oor rugbytelling aangaan en as die *Durban-July* aanbreek sal hulle geldjie op die perde waag. Soms sal hulle ook paar muntstukke by die casino se masjien ingooi. As die geluksgodin dalk net een keer behoorlik in hul rigting kyk kan hulle die volgende dag smalend by die werk instap en bedanking indien omdat hulle dan nooit weer hoef te werk nie. Die meeste mense het dus al op een of ander manier gedobbel en wens heimlik dat dieselfde geluk wat die afgetrede polisieman getref het, hulle ook kan tref. Maar weet ons werklik waarmee ons te doen het, hoe skraal die kansse op sukses is en wat ons met die geld gaan doen as ons dit nou regtig die dag wen?

Wat is dobbel?

Dobbel kan verskeie vorme aanneem maar verwys in wese na weddenskap van een of ander aard waartydens elke speler instem om materiële besitting af te staan in ruil vir die kans om die materiële besittings van die ander spelers te bekom, sonder dat die verloorder vir sy verlies vergoed word. Die *õ*wenners~~õ~~ en *õ*verloorders~~õ~~ word gewoonlik deur die uitkoms van spel bepaal.

Volgens “*Gospel Way*” (<http://gospelway.com/morality/gambling.php>) is daar dus vier elemente by dobbel betrokke, naamlik:

- *Toevalligheid*: Spel waarvan die uitkoms onseker is.
- *Pot*: Elke speler plaas vorm van materiële besittings op die spel.
- *Kontrak*: Voor die spel kom die spelers ooreen om hul eie besitting te verloor in ruil vir die kans om die ander se besittings te bekom.
- *Onregmatige vergoeding*: Geen dienste of goedere van billike waarde word aangebied in ruil vir dit wat verloor word nie. Die verloorder gee sy regte op die besitting op

sonder enige vergoeding terwyl die wenner besitting bekom sonder om die verloorder daarvoor te vergoed.

Soms word daar na sekere aktiwiteite as dobbel verwys maar in wese is die vier elemente nie almal teenwoordig nie. Nie alle risiko's is dus dobbel nie. Daar is per slot van sake nie altyd die ooreenkoms om iemand anders se besittings af te vat as gevolg van die uitkoms van risiko nie. Net so kan speletjies, soortgelyk aan dié in casino's, vir die pret gespeel word sonder dat iemand sy besittings verloor. Insgelyks kan die bedryf van besigheid, waar daar ook kans bestaan om geld te verloor, nie as dobbel beskou word nie want die bedoeling is om produk of diens tot ander se voordeel in ruil vir geld aan te bied.

Selfs al word daar aangevoer dat dobbelaars ook sogenaamd moet oëwerk vir hulle geld, druis dit in teen die beginsel van ruilhandel. Die basiese uitgangspunt van billike transaksie is dat beide partye iets prys gee inruil vir iets wat hulle van waarde ag. Dobbelaars ondermyn hierdie beginsel omdat hulle iets in besit wil neem sonder om iets in ruil daarvoor te bied. Hulle uitgangspunt is dus om wins ten koste van ander persoon se verlies te maak.

Waarom dobbel mense?

Daar is baie mense wat glo dat groot boerpot, hetsy met lotery, perde of by casino, die oplossing vir al hulle finansiële probleme is. Soos in die geval van die polisieman, is die slegte nuus dat dit nie noodwendig so is nie. Ekonomie van die Universiteite van Kentucky, Pittsburgh en Vanderbilt het antwoorde gesoek op die vraag waarom die publiek baie wonder: wat gebeur met persone wat in finansiële moeilikheid is wat skielik groot bedrag geld ontvang? Vervolgens het hulle inligting versamel van 35 000 mense wat loterybedrae van meer as \$150 000 in Florida se *Fantasy 5* lotery vanaf 1993 tot 2002 gewen het. Hierdie gegewens is toe met Florida-staat se insolvensierekords vergelyk.

Die vernaamste gevolgtrekking was dat groot boerpot weinig doen om mense van bankrotskap te vrywaar. Meer as 1 900 weners het insolvent geraak binne vyf jaar na hulle die lotery gewen het. Hierdie syfer impliseer dat 1% van Florida se loteryspelers (weners óf verloorders) in enige jaar insolvent raak, bykans dubbeld die koers van die breër publiek vir die ooreenstemmende tydperk.

Die navorsers voer paar redes aan waarom so baie weners insolvent raak. Die vernaamste rede is dat loteryspelers meestal uit die laer inkomste en/of laer geskoolde vlak afkomstig is en dat hulle finansiële bestuur dus beperk is. Weners is ook geneig om lotery-opbrengste met minder versigtigheid te hanteer as hulle werksinkomste. Laastens ontwikkel weners vinnig aptyt vir luukse wat gewoonlik groter is as die boerpot wat hulle ontvang het.

Skielike rykdom

Die Amerikaanse sielkundige, Stephen Goldhart, is van mening dat kitsmiljoenêrs dadelik afgesny voel van hulle familie en vriende. Hulle raak ook onmiddellik agterdogtig teenoor almal wat met hulle oor geld wil praat en is bang dat hulle kinders nou skielik as bedorwe brokkies gaan opgroei. Op die rype ouderdom van "*thirty-something*" het hulle nie meer nodig om te werk nie. Hulle voel ongemaklik met hulle nuwe status en dit lei uiteindelik daartoe dat hulle rykdom meer van 'n skuldgevoel as plesier meebring. Hulle voel eerder

ingeperk en onbeslissend oor wat om met die geld te doen as wat die nuwe rykdom hulle bemagtig het.

Goldhart noem hierdie gevoel wat kitsmiljoenêrs ervaar die “*Sudden Wealth Syndrome*”. Dit is nie werklik ’n sielkundige toestand nie maar eerder ’n samevattende begrip van die spanning, skuldgevoel, sosiale isolasie en verwarring wat mense ondervind wat skielik ’n groot fortuin ontvang.

Gevare

Ons moet maar versigtig fantaseer oor ons loterysuksesse want die skielike rykdom kan meer probleme skep as wat dit gaan oplos. Hoewel boerpot groot verskil kan maak, is daar ook baie dinge is wat dieselfde bly. Dit kan vinnig paar agterstallige rekeninge betaal en nuwe kar of sitkamerstel koop maar die ou geldgewoontes bly dieselfde. Groot boerpotte belas die wenners net met groot somme geld wat hulle nie kan bestuur nie en emosioneel ook nie kan hanteer nie en kort voor lank is hulle weer terug waar hulle aanvanklik was.

Volgens die Nasionale Dobbelaar se statistieke spandeer die helfte van Suid-Afrikaners bo 18 jaar oud bykans net soveel aan dobbel as wat die totale bevolking aan sekere basiese kossoorte spandeer in die hoop om vinnig en maklik geld te maak. Dit terwyl daar teoreties ’n beter kans is dat mens identiese vierling kan verwag, deur die weer raakgeslaan kan word, die Amerikaanse president kan word of kan sterf as asteroïede die aarde tref. Buiten dat die kans dus baie skraal is om boerpot op welke dobbelwyse ook al te wen, is die kans dat dit mens se finansiële probleme permanent gaan oplos ook baie skraal. Daarby moet die morele aspek ook in gedagte gehou word dat dobbelwins altyd ten koste van ander mense plaasvind.